# GENERALE MISSIVE

*Nuusbrief van die Stigting VOC* ***2/17***
*Newsletter of the VOC Foundation*

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*
**Internet:** http://www.voc-kaap.org **E-pos/*E-mail*:** vocinfo@voc-kaap.org **Skakel/*Contact***: Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, tel.021-438-8095, e-pos: rodecb@icloud.com . **Finansies /*Finance:*** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank**: ABSA rek./acc. 9258840691: 'Stigting VOC Foundation.'

---

*Welaen Vrunden!*

**Persoonlik**
Ons verwelkom graag dr O.G. Malan as nuwe lid van ons Stigting; mag dit vir hom 'n lang en gelukkige verbintenis wees. Ons komiteelid me. S. Gelderblom het verlede jaar uit die vereniging bedank. Die Voorsitter het 'n brief van waardering aan haar geskryf.

**Algemene Jaarvergadering**
Ons 22ste Algemene Jaarvergadering het op Saterdag 1 April in die nuwe kapél in die Kasteel plaasgevind, en was 'n groot sukses. Die Voorsitter se uitgebreide jaarverslag, finansiële state en nuwe grondwet is eenparig aanvaar, en die bestaande komitee is herkies. (Van nou af moet ons waak teen stagnasie) Ons gasspreker was prof. J. Fourie van die Universiteit van Stellenbosch, oor die onderwerp '*Die relatiewe rykdom / armoede van die Kaapse burgery*.' Die interessante lesing het 'n lang bespreking tot gevolg gehad. Die gebruiklike heildronk is op die Huis van Oranje ingestel. Die AJV se volledige notule word soos gewoonlik later bekend gemaak. Ons bedank graag vir mnr C. Gilfellan vir die vergunning om die aantreklike historiese fasiliteit kosteloos te gebruik.

**Bron van mites**:
By die AJV het ek om hulp gevra om die oorsprong vas te stel van nuwe mites oor Kaapse geskiedenis wat van tyd tot tyd verskyn. Dit was na aanleiding van 'n berig deur Bram Vermeulen in *NRC Handelsblad* ( '*In Zuid-Afrika is Van Riebeeck nu een scheldwoord*,'16 Feb. 2017, p.8.) waarin hy beweer dat die sogenaamde 'Van Riebeeck-heining' 'n soort rasseskeidsmuur was, met 'n versoek uit Nederland om my siening van die saak. Ek het geantwoord dat dit 'n mite was, moontlik geskep deur 'n botanis, M. Levyns, in haar bydrae tot D. J. Potgieter (ed.-in chief): *The Standard Encyclopedia of South Africa,* vol. 1, p. 312. (Cape Town, 1970.) Dit is die vroegste verskyning van die mite wat ek tot dusver kon vind. As u van 'n vroeër bron verneem, laat ons asseblief weet?

In dieselfde koerantartikel herhaal die joernalis Vermeulen die bewering dat sommige slawename (April, Mei, ens.) toegeken is n.a.v. die maand waarin hulle hier sou opgedaag het. 'n Vroeë vermelding van die mite sien ek in Alan Mountain: *An unsung heritage,* p.45. (Cape Town, 2004.) Hy verskaf geen verwysing nie. As u 'n ouer bron teenkom, laat asseblief weet?

## Marthinus van Bart: *Kaap van Slawe*

Martiens van Bart, afgetrede redakteur van *Kultuurkroniek* en verskeie male met toekennings vir bewaringsjoernalistiek vereer (ook met ons Stigting se Silwer Medalje), het ingestem om met ons oor sy boek *Kaap van Slawe* te praat.

Die Transatlantiese slawebedryf tussen Afrika en die Nuwe Wêreld (die Amerika's) wat oor 300 jaar gestrek het, was op drie pilare gegrond: Die verkryging, vervoer en verkoop van slawe as arbeiders. Martiens sal hierdie en ander aspekte in besonderhede bespreek. Die boek werp nuwe lig op die betrokkenheid van die Britse regering en hul Kaapse administrasie by die slawehandel. Wie was die Kaapse slawehandelaars? Wat was die rol van goewerneurs Yonge en sy opvolgers? Wie was die 'Britse kinderslawe?' Daar is 'n lang lys van skepe wat na die afskaffing van die handel aan die Kaap met hulle vragte gekonfiskeer is; die skepe is as oorlogsbuit ('prize ships') en die slawe as 'prize negroes' beskou. Wat het van daardie mense geword, na die handel afgeskaf is? Ek beskou dié boek as 'n belangrike bydrae tot die vakliteratuur. Dit is ryklik geillustreer, met afdrukke van rare skilderye en foto's.

*Kaap van Slawe* is nie in boekwinkels te koop nie en Martiens se voorraad boeke word nou min. Moet dus nie huiwer om in goeie Africana te belê nie. Hy bring eksemplare van ***Kaap van Slawe*** saam (R400 elk, slegs kontant.)

***** **Marthinus van Bart**, skrywer van **Kaap van Slawe: Die Britse Slawebedryf van Elizabeth I tot Alfred Milner**, praat om **10:30** op **Saterdag, 13 Mei 2017** by **Huis der Nederlanden / SASNEV** oor hierdie besondere boek. Gratis parkering. Koffie en tee vir eie rekening.

## RNG kentekens van keramiek

Martiens het drie akkurate replikas van die gewese Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede se kenteken, van vuurvaste keramiek gemaak, aan ons Stigting geskenk om na goeddunke te gebruik. Die oorspronklike kentekens van swaar brons is in die goeie ou dae langs die voordeur van Nasionale Gedenkwaardighede aangebring, soos 'n medalje aan 'n oudsoldaat se bors, om voor die wêreld van sy waarde te getuig. Oor die gewig van die metaal word die kentekens hedendaags gesteel en verkoop.

Ons sal die replikas verkoop aan enigeen wat 'n plaasvervanger benodig. Die eienaars van die plaas *Bokkerivier* het reeds een aangeskaf. Dankie, Martiens!

## Die veranderlikheid van die Kaapse weer

Droë somers met suidwestewind en nat winters met noordwestewind is wat ons van die Kaapse weer verwag. Maar daar is uitsonderings: Bartholomé Dias is in Desember 1488 vêr uit sy koers gewaai deur aanhoudende noordwestewind, as gevolg waarvan hy beide die latere Kaap de Goede Hoop en Kaap Agulhas misgeloop het.

Die dag nadat die skole in Desember 197? vir die somervakansie gesluit het, laat ek my huis se rietdak afgooi om met 'n teëldak vervang te word. Toe die huis na 'n week plat en reghoekig soos 'n skoendoos daar staan, begin dit te reën en hou tot Kersfees so aan. Alle plafonne na die maan. My hele jaarlikse bonus het aan ekstra versekering gegaan.

In 1704 het sterk suidewind en groot hitte die hele Kaapse gesaaide verskroei. Teen die einde van die jaar was die riviere opgedroog en die weiding so min dat baie vee van honger dood is. Hongersnood het ook die nedersetting bedreig; Goewerneur van der Stel moes skeepsbrood uit skepe lig. Toe dit teen die middel van 1705 nog nie gereën het nie, is 'n skip Batavia toe gestuur om rys te haal. Die rysskip het op 6 Desember teruggekom. Op 25 Desember het dit begin reën met 'n watervloed wat graan, wingerd en ander gewasse uit die

grond gespoel het. '*Een  zeldsaam en schrikkelijk noodlot*,' het die goewerneur aan Batavia geskryf.

Adam Tas vertel in sy dagboek dat dit drie dae en nagte aanmekaar gewaai en gereën het. Die Eersterivier oorstroom sy walle, sy plaas staan onder water. Hulle sien koringggerwe en boomstompe verbyspoel. Buurman Van der Byl se vrou en kinders vlug na hul skuur toe. De Grevenbroek gaan in die kerk slaap om die klok te lui as die dorp ontruim moet word. Tas beskuldig hom van oordrewe vroomheid. [D. Sleigh: *Die Buiteposte*, p.17; L.Fouché e.a. (reds.): *Die Dagboek van Adam Tas*, 1705-1706, pp.132-136. (Kaapstad, 1970.]

**Resensie.** Con de Wet, Leon Hattingh en Jan Visagie (reds.): ***Die VOC aan die Kaap 1652 – 1795***, Protea Boekhuis, R350.

Hedendaagse '*miskennings en anakronismes*' asook '*die gebrek aan kennis van die eie aard van die geskiedenis van die Kaap onder die VOC of selfs die ontkenning van sy betekenis*' het gelei tot die publikasie van *Die VOC aan die Kaap 1652 – 1795*. Só skryf die Nederlandse bydraer Gerrit Schutte. Afrikaanssprekendes kan dié versugting assosieer met politici se lomp gegoël met 'historiese skuld', ongehinder deur kennis.

Die skrywers handhaaf wel 'n streng professionele houding sonder ruimte vir vergoeilikende voorstellings. So word die dikwels geromantiseerde laat agtiende eeuse trekboer-koloniste in die binneland beskryf as 'arm en verwilderd,' én uitgewys dat hulle teen 1795 allermins aan die wenkant was in hul stryd teen die San en die Xhosa. Schuttte beklemtoon egter dat die Kaap onder die VOC 'n *regsgemeenskap* was en in sy grondslag sekerlik nie verwilderd of korrup nie.

'n Twintigtal Afrikaanse en Nederlandse skrywers is hier aan die woord. Hulle behandel die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie in die breë, die rol van die Kaap die Goeie Hoop in die organisasie en ook die Kaapse bestuursinstellings, bevolkingsgroepe en kultuuruitinge. Hierby kom nuttige kernbronnelyste asook bylaes, selfs oor skeepsterme. Onder die skrywers tel beroepshistorici, maar ook ander deskundiges soos die medikus Kay de Villiers, die argitekte Gawie en Gwen Fagan en die bibliotekaris Piet Westra.

Vanuit Suid-Afrika kan 'n mens maklik die destydse belang van die Kaap vir Nederland oorskat. Vroeg verneem 'n mens egter dat die VOC wel 'n vername bydraer tot welvaart was, maar teen 1652 vir slegs vir 15% van die land se nasionale handel gesorg het. Etlike skrywers wys ook daarop dat die Kaap self totaal ondergeskik was aan die belange van die firma en eerder as 'laspos' beskou is. Die nedersetting was wel van groot waarde vir die instandhouding van die skeepvaartroete. Die firma het verder ook geen aggressiewe beleid teenoor binnelandse volke gevoer nie, maar dit was essensieel dat die nodige kosvoorrade gereed moes wees met die aankoms van die retoervlote. Handel met die Khoina moes vir die allerbelangrikste voorraad vleis sorg. Dit het nie gewerk nie. Pas die ingrypende maatreëls van die vermaledyde goewerneur W.A. van der Stel, het die situasie omgeswaai. Con de Wet vra of 'n mens daarom nie sy 'wandade' moet heroorweeg nie. Volgens Scheffler moes daar teen 1760 vir slegs die twee retoervlote al 48 043 kg vleis gesout en verpak wees. Vryburgers moes daarom noodgedwonge op die veeboerdery losgelaat word, iets met onvoorsiene gevolge.

Die opstelle is meesal indringend. Besonder goedgebalanseerd is Helena Scheffler s'n oor '*Skeepsbediening en maritieme bestuur*'. Sy plaas gedetailleerde gegewens steeds binne konteks, bv. oor die 'klasse' Oos-Indiëvaarders wat ingespan is, die indeling van die vaarte met daarnaas detail oor die hoeveelheid drinkwater wat per skip, selfs die temperament wat van skeepskapteins verwag is. Tussen hierdie feite vleg sy bowendien 'n meer persoonlike visie in, afkomstig uit die dagboek van Maria en Johanna Lammers oor hul besoek in 1736.

Aangrypend is Leon Hattingh, Con de Wet en Hans Heese se hoofstukke oor die Koina, die vryburgergemeenskap, die slawe en die Kaapse rasgemengde groep. Hier word die fondamente van die 'verdriet van Suid-Afrika' blootgelê: sektore van 'n bevolking wat enersyds gedwing word tot saambestaan, maar in 'n skeefgetrokke stryd om gemeenskaplike ekonomiese hulpbronne nie aan onderlinge geweld en wantroue kan ontkom nie. Hattingh plaas ook die slawernykwessie op verhelderende wyse in Oosterse verband.

Die skrywers verryk gereeld hul stukke met interessante voorbeelde en anekdotes, heerlike stof vir romanskrywers. So noem De Villiers dat in die VOC-hospitaal elke Sondag vir die pasiënte gepreek moes word, '*altyd dieselfde preek*' wat egter nie 'n probleem was nie omdat weinig van hulle 'meer as twee herhalings moes verduur'. Scheffler verwys na 'n goue kettinkie met silwer hangertjie, 'n geskenk vir Barbara von Dessin, wat saam met die skip *De Visch* (die voorbladillustrasie) by Groenpunt vergaan het.

Die opstelle bevat heelwat onderlinge herhalings wat beter gekoördineer kon gewees het. Ek mis daarteenoor verskeie wetenswaardighede. Soos dat die grootskaalse Nederlandse deelname aan die haringsvangs in die Noordsee die land aanvanklik so 'n sterk posisie as seevaartmoondheid besorg het. 'n Mens sou ook meer wou weet van die ingrypende debat in die Politieke Raad waar, ondanks teenkanting van kaptein De Chavonnes, finaal besluit is om voort te gaan met die invoer van slawe eerder as Europese arbeiders.

Die boek het 'n pragtige buiteblad in hardeband asook illustrasieseksies op glanspapier. In die hoofstukke van Gawie en Gwen Fagan word die gehalte van beeldmateriaal egter lelik afgeskeep.

Geskiedskrywing is 'n volgehoue proses van verstelling na aanleiding van nuwe gegewens en perspektiewe en sal nooit volmaak wees nie. Die behoefte aan die verheldering wat dit bring, loop saam met die belangrike sosiale drang na identiteitsbepaling. Daarom behoort alle Suid-Afrikaners dankbaar te wees vir hierdie eerlike produk teen 'n baie bekostigbare prys.

- Wium van Zyl (Wium van Zyl is 'n Neerlandikus en emeritus professor.) **(**Oorgedruk uit *Rapport*, 19 Maart 2017***.)***

**Kamer Antwerpen**
Ons susterskamer VOC kamer Antwerpen het op 28 April die stad Maastricht besoek. Volgens Felix Timmermans is Maastricht met sy besondere kerke '*de stad met het schoonste profiel in Nederland.*' Die gewese NAVO-hoofkwartier in die Cannerberg word ook besoek.

Behoude vaert / *Salamat jalan*

D. Sleigh (Redakteur)
J. Sleigh (Tegnies)
1 Mei 2017